REGTE SKAAL

Week 4

Saamgestel deur: Chris Jacobs

MEMORISERINGSVERS

2 Korintiërs 9:10 (Nuwe Lewende Vertaling)
God wat saad voorsien aan die saaier en dan brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat toeneem en die vrugte van julle goedhartigheid lieflik laat groei.

REGTE SKAAL

Spreuke 11:1 (AOV) – Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.

Vandag vra ons die vraag, na watter kant kantel jou skaal? Salomo daag ons uit om met hierdie vraag te worstel, want slegs die regte gewig op die skaal maak saak. Die skaal waarmee ek en jy meet, is ’n belangrike instrument in ons daaglikse lewe.

’n Outydse ewewigskaal se gewigte moes gereeld geyk word, sodat die skaal die regte gewig dra om aan sy doel te voldoen. In ons lewens moet ons deur God en sy Woord geyk word. Vir dit om te gebeur, moet ons verstaan wat gewig by God dra en hoe die Koninkryksmetingsinstrument in ons lewens lyk.

Ons metingskaal hang dikwels van die volgende af:

- Watter baat gaan ek daarby vind?
- Verdien ander my goedheid?
- Het ek genoeg om aan ander te gee en te doen?

Hier is die ding, ons metingingesteldheid moet reg wees. Hoe ons ander hanteer en liefde invloedryk doen, dra gewig by God.

’n Invloedryke reisiger het eendag ’n trein gehaal na ’n beroemde stad. In sy haas het een van sy skoene tussen die perron en die spoor geval. Die trein was reeds aan die beweeg. Verleë het hy gaan sit en sy ander skoen uitgetrek en by die oop venster uitgegooi. Verbaas wou sy medereisigers weet, waarom hy dit gedoen het. Hy het geglimlag en gesê dat die persoon wat die skoene optel nou ’n paar het wat hy kan gebruik.

Weldade aan ander is God se instrument om Sy liefde aan ander mense uit te deel.

Dit is nie hoe ons oor God praat wat wys hoe naby ons aan Hom lewe nie, maar hoe ons ander behandel.

Gebed:

Vader, help ons om te onderskei tussen dinge wat werklik gewig dra en onbeduidende sake.

Liefde Doen:

Gee iets uit jou hangkas onvoorwaardelik aan iemand wat dit nodig het.

REGTE SKAAL

Markus 12:42 (AOV) – Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd.

'n Invloedryke lewe word nie bepaal deur net groot indrukwekkende gebeurtenisse nie, maar ook deur die klein dingetjies in die lewe wat ons soms minag. Dikwels het die onbeduidendste dinge die grootste impak.

Twee muntstukke, ook bekend as oortjies, was onderskeidelik 'n kwartpennie werd. In ander se oë was dit min, maar in Jesus se oë baie werd.

In die verhaal van 'n olietenkskip wat naby die kus op die rotse geloop het, word die teendeel bewys. 'n Vrou met 'n oop hart vir mens en dier het elke dag oliebesmeerde seevoëls skoongemaak. Dag vir dag het sy voortgegaan, al was die vordering minimaal. 'n Siniese toeskouer het haar gevra, watter verskil sy aan die ekologiese ramp maak. Terwyl sy 'n skoon witgewaste seemeeu die lug instuur, het sy geantwoord: ''Vir hierdie een maak dit 'n verskil!''.

Elke bietjie op jou skaal maak saak. Dit wat God vir jou gee, jou gawes, talente en bronne maak 'n groot verskil in ander se lewe.

Ons invloed kan op mikro-, sowel as makrovlak 'n groot verskil maak. Moet nie dit wat jy is en het, onderskat nie.

Selfs die klein dingetjies wat ons in liefde doen, kan die skaal na Sy kan laat kantel.

Gebed:

Vader, help my om sensitief te wees vir waar ek 'n verskil kan maak en iemand se lewe ten goede deur U liefde aan te raak.

Liefde Doen:

Wie op jou kontaklys het ondersteuning nodig? Bel die eerste persoon wat in jou gedagtes opkom.

REGTE SKAAL

2 Korintiërs 3:5-6 (OAV) – Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God, wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n Nuwe Testament, nie van die letter nie, maar van die Gees; want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend.

'n Kliënt stap by 'n apteek in en vra die apteker of hy sy foon kan leen. Die apteker kan nie help om die volgende gesprek te hoor nie:

''Hello Meneer, Ek wil net hoor of u 'n tuinwerker benodig? O, u het reeds 'n werker. Is u tevrede is met hom? Dankie Meneer. Ek wou net seker maak.''

Die apteker vra die jongman uit oor die gesprek. Sy antwoord het die apteker verbaas.

''Ek wou net seker maak dat ek bekwaam genoeg is in die oë van my werkgewer.''

Hier is die goeie nuus, jy is geweeg en bekwaam gevind in die oë van God. Ek en jy is na God se beeld geskape. Elkeen met ons unieke gawes en talente.

Ons gebruik nie altyd dieselfde meetinstrument as God om onsself te meet nie. Wanneer ons ons liefde meet, voel dit soms dat ons liefde kortkom. Meeste struwelinge en onderonsies is as gevolg van 'n lae selfbeeld of gevoelens van minderwaardigheid. Dit maak ons moedeloos en steel al die joy uit die lewe. Ons fokus bly op onsself.

Wanneer ons, ons journey van genade verstaan en dat ons in God se oë gewig dra, sal ons aan die kant van liefde leef.

God se onfeilbare Woord is die enigiste veilige meetinstrument. Ons is deur dit wat Christus aan die kruis vir ons gedoen het, bekwaam gemaak en kan invloedryk liefde leef. Doen liefde aan die Een, aan ander en aan jouself, uit dankbaarheid vir God wat liefde vir ons gedoen het.

Ek het altyd gedink ek dra nie genoeg gewig nie, maar nou weet ek, op God se skaal is ek geweeg en bekwaam gevind.

Gebed:

Here, ek dank U vir U liefde wat vir my genoeg is en dat ek bekwaam gemaak is. Help my om deur U oë na myself te kyk en in liefde te leef.

Liefde Doen:

Kyk in die spieël en sê vir jouself dat God het jou geweeg en bekwaam bevind het.

REGTE SKAAL

2 Kronieke 15:7 (OAV) – ''Maar julle moet vasstaan en nie moedeloos word nie, want julle sal die beloning vir julle optrede ontvang."

'n Reddingspan moes mynwerkers ondergronds red nadat 'n gang in die myn inmekaar gesak het. Na 'n week het die mynbestuur hulle die opdrag gegee dat hulle die reddingspoging moet staak, omdat daar geglo is dat daar nie meer oorlewendes kan wees nie. In die daaropvolgende weke is die soektog na die liggame voortgesit. Tot hulle ontsteltenis is die liggame van die vermiste werkers baie naby aan die plek gevind waar die soektog gestaak is. Indien hulle 'n rukkie langer probeer het sou hulle die mynwerkers kon red.

Ons word gou moedeloos wanneer ons nie vinnig resultate sien nie. Mense doen wat ons nie verwag nie, ons word teleurgestel, die situasie beweeg in 'n verkeerde rigting en ons moet oor begin of ons wen twee treë en beweeg drie tree agteruit…

Moenie moedeloos word nie, hou aan gewig op die skaal plaas. Dit mag dalk net vandag wees dat jou skaal na die regte kan kantel.

Die beloning is om die draai vir die verskil wat jy wil maak. Moenie moed opgee om die werk van die Here te doen nie.

Ek geniet die proses van liefde doen, al sien ek nie dadelik die resultate nie, weet ek dat, liefde wat doen, die skaal na die regte kan sal laat kantel.

Gebed:

Here, dankie dat U my die krag en die vermoë gee om aan te hou probeer.

Liefde Doen:

Bid vandag spesifiek dat God iemand op jou pad sal plaas aan iemand wie jy liefde kan betoon. Bid ook vir die insig en wysheid om die persoon te help.

REGTE SKAAL

Lukas 6:38 (NLV) – As julle gee, sal julle ontvang. Julle gawe sal na julle terugkom in volle maat, ingestamp, geskud om plek vir meer te maak, tot oorlopens toe vol. Met watter maat julle ook al meet – klein of groot – dit sal gebruik word om te meet wat julle sal terugontvang."

'n Man het twee seuns gehad. Een seun was getroud met 'n groot gesin. Die ander seun was ongetroud. Daar was 'n groot droogte in die land. Die broer met die groot gesin het besluit om eenkeer 'n week 'n sak koring by sy alleenloperbroer se skuur af te laai, sonder sy broer se medewete. Hy het dit gedoen omdat hy geglo het sy broer het nie kinders wat vir hom kan sorg nie. Die ongetroude broer het dieselfde gedoen, omdat hy weer gedink het dat sy broer 'n baie groot gesin het om te versorg. So het hulle mekaar versorg, sonder dat die een van die ander geweet het.

Ek het altyd gedink om weg te gee, sal die skaal uit balans plaas, maar nou weet ek dat om te gee en invloedryk te leef die skaal in balans bring. Ons skaal is uit balans wanneer ons fokus op onsself is en nie op die Gewer nie.

God plaas op die skaal aan die een kant en ons deel aan die ander kant uit. God wat saad voorsien aan die saaier en dan brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat toeneem en die vrugte van julle goedhartigheid lieflik laat groei. – 2 Korintiërs 9:10 (NLV)

Die invloedryke en vooraanstaande uitvinder Robert Gilmour LeTourneau wat negetig persent van sy besittings as tiende gegee het en slegs tien persent as tiende gehou het, het die Bybelse beginsel verstaan dat ons God moet vertrou met ons gawes, talente en bronne. Dat Hy dit wat ons het, kan gebruik om 'n groter impak in die wêreld te maak.

"I shovel out what God gave me, and God shovels it back - but God has a bigger shovel" – R. G. LeTourneau

Gebed:

Vader, dankie vir alles wat U op my skaal plaas. Gee my 'n oop hand en 'n omgee hart om U liefde sigbaar te maak.

Liefde Doen:

Dink na oor jou seëninge en stel vir jouself 'n doelwit van dit wat jy kan gebruik as 'n dankbaarheidsgawe.